

Hoofstuk van die dag: Esra 7

> *Esra het hom gewy aan die wet van die Here. Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer. (vers 10)*

Esra kom hier vir die eerste keer op die toneel; ’n goed-opgeleide teoloog en priester. Hy moes toesien dat die tempel reg funksioneer en die geestelikes en ook leiers onderrig in

regspraak van die wet van God (vers 25).
Dis nie presies duidelik hoe Esra en Nehemia skakel nie. Wat ons wel weet, is dat hulle op ’n stadium gelyktydig in Jerusalem gewerk het, en dat albei met die volle seën en ondersteuning van koning Artasasta in Jerusalem was. Ek vermoed dat Nehemia heelwat te doen gehad het met die goeie gesindheid van die koning (lees gerus wat ek by Nehemia 8 geskryf het). Nehemia het die koning immers persoonlik geken.
Afkoms en opleiding en die regte vriende is egter nie al wat nodig is as jy ’n betekenisvolle plek in God se koninkryk wil inneem nie. Esra het naby God geleef, soos duidelik is uit sy reaksie op Artasasta sy opdrag (vers 27-28). Dit het natuurlik ook gehelp dat Esra ’n passie vir God se saak gehad het (vers 10).
Wat bied jý vir God se koninkryk?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026